

22 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 89:1-38

'n Ewige koningskap

Die Here het 'n verbond met Dawid gesluit waarin Hy belowe het dat Dawid se koningshuis en sy troon vir altyd sal vasstaan (2 Sam 7:12-16). Maar nou is Juda en koning Jojagin in ballingskap weggevoer. Nou word gevra wat van die Here se trou geword het.

Eers besing die digter Dawid se koningskap. Dit word geplaas in die lig van God se ewige koningskap en majesteit. God word in die hemel geprys oor sy almag en sy trou. Hy oefen absolute gesag uit oor alle magte in die skepping. Die Here regeer oor alles in geregtigheid en reg, in liefde en trou. Hy beskerm ook sy volk.

Hierdie ewige koning het Dawid uitgekies en met hom 'n verbond gesluit. Deur die verbond is Dawid ook aangeneem as God se seun. Dawid se heerskappy het oor alle denkbare grense heen uitgebrei. Ook al sou sy nakomelinge deur die Here gestraf word oor hulle sondes, tog sal die Here sy verbond nooit verbreek nie, Hy sal Dawid se troon bevestig.

Hier word gesing oor 'n koningskap met 'n ewigheidsperspektief. 'n Verwachting is geskep wat groter is as wat 'n gewone mens kan vervul: Dit gaan oor 'n ewige koningskap in die lig van God se majesteit en heerlikheid.

Sing: Psalm 89:2,3

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)